

11 Februarie 2018

Preekopsomming

Onderwerp: God se wil in lyding

Teks: 2 Kor 11:21b – 12:10

“Dood het ‘n oorsaak” en “boontjie kry sy loontjie...” is bekende spreekwoorde. Daarmee sê ons dat alles wat ons doen gevolge het - goed of sleg. Dié DENKSKEMA van **oorsaak en gevolg** is handig, want dit help ons om die rede vir baie dinge wat met en om ons gebeur te verstaan. Byvoorbeeld: waarom val iets na onder en styg dit nie op nie, waarom is die lug blou, waarom dreun donderweer en sien ons blitse ens. Die denkskema het egter sy perke. Alles kan nie in terme van oorsaak en gevolg verklaar word nie. Dit moes die vriende van Job ontdek. Hulle enigste verklaring vir Job se siekte was: jy het gesondig (=oorsaak) daarom is jy siek (=gevolg). Dié siekte is God se straf (=gevolg) op jou sonde (=oorsaak). Teen dié ooreenvoudigde denkskema het Job hom tereg verset. Die digter van Ps. 73 het ook intens met dié skema geworstel en by ‘n verrassende ontdekking uitgekóm. Op ‘n dag toe die dissipels van Jesus ‘n blinde man sien, vra hulle: “Rabbi, wie het gesondig, (=oorsaak) hierdie man of sy ouers dat hy nou blind is (=gevolg). Hierteen het Jesus Hom ook verset. Hoekom die verset van Job en Jesus? Die leemte of tekortkoming van ‘n “oorsaak - gevolg denkskema” is dat dit nie altyd en oral gebruik kan word nie. Doen ons dit wel maak ons twee groot foute. Aan die een kant vorm ons ‘n skewe beeld van wie God is, wat Sy wil is, en hoe Hy te werk gaan. Dan oortree ons die tweede gebod (Eks 20:4). Daarmee gee ons ook voor dat ons presies verstaan hoe die lewenslegkaart in mekaar steek. Dit is ‘n vergissing (1 Kor. 13:9). Aan die ander kant verplaas ons gerieflik ons eie aandeel as dinge skeefloop op iemand anders se rekening (in dié geval God s’n). Dit is wat Adam gedoen het (Gen 3:11-12). So ontduik en ontken jy jou eie verantwoordelikheid, aanspreeklikheid en aandadigheid vir dit wat met en om jou gebeur.

Die **digter van Ps. 73**, wat lank met dié skema geworstel het (vss 1-16), maak op ‘n dag die verrassende ontdekking: die antwoord vir lyding word nie opgelos met die oorsaak-gevolg denkskema nie, maar ‘n nuwe verstaan van God se teenwoordigheid by hom in Sy lyding sowel as wat die uiteinde van die oënskynlike voorspoed van die goddelose is (vss 16-28).

Dawid bely ook in Ps.103 dat God met die **genade**-beginsel en nie met die **verdienste**-beginsel werk nie (vss 8-14).

Habakuk getuig singend dat die rampe wat sy materiële bestaan tot op die randjie van bankrotskap dryf hom nie ontwortel, want sy geloofs-anker in God se trou wat hom laat vasstaan ten spyte van alles wat hy verloor het (Hab. 3:17-19). Jesus se **dissipels** het ook met die “oorsaak-gevolg skema” gewerk. In Luk. 9:51-54 versoek hul Jesus dat God die ongasvrye (=oorsaak) Samaritane moet straf (=gevolg). Maar Jesus bring redding nie oordeel/straf nie (vs. 56, vgl. ook Joh. 3:17). In Joh. 9:3-43 werk Jesus nie met die “oorsaak-gevolg skema” nie, maar gebruik die blindheid van ‘n man om die verskil tussen kyk(= miskyk/ongeloof) en raak-sien / in-sien (=glo) te demonstreer. Ook **Paulus**, **Jakobus** en **Petrus** getuig dat lyding nie met die “oorsaak-gevolg skema” verklaar kan word nie, maar dat God dit invleg in ons geloofsvorming en vir die uitbreiding van sy Koninkryk. (Rom . 5: 3-5; 2 Kor. 12:10; Jak 1: 2-4; 1 Petr

3:14-18 / 4:1-2, Hebr. 12: 5-13). God is nie die oorsaak van lyding nie. Sonde is. In Sy genade het Jesus die straf/oordeel van God op ons sonde op Hom geneem. Sy aanbod aan elke sondaar is vergifnis en vrypraak. Wie dit in geloof aanvaar, word Sy kinders en erfgename. Ons geloof vrywaar ons, nie van lyding nie. Dit het Jesus waarskuwend aan sy dissipels gesê (Matt 10:16vv).

Uit die Bybel weet ons dat sonde en lyding nie God se wil is nie.

Ons weet ook dat ons lyding as gelowiges nie God se straf is nie.

Ons weet ook dat Jesus medelye het met elkeen van ons wanneer ons ly (Hebr. 4:15).

Ons weet ook dat die Heilige Gees ons in lyding help bid wanneer ons nie meer kan nie (Rom 8: 26-27).

Ons weet ook dat ons geloofs familie het wat ons in lyding bystaan (1 Kor. 12:26.)

Ons weet dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons met die wederkoms geopenbaar sal word nie (Rom 8:18).

Op die nuwe hemel/aarde wat God voorberei, sal God al die tranes van ons oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie.... (Open 21:4)

Vrae om oor na te dink:

1. Waarom help die "oorsaak-gevolg denkskema", ons nie met die lydingsvraagstuk nie?
2. Hoe verskil 'n gelowige en ongelowige in hul beoordeling van lyding?
3. Hoe sal jy iemand antwoord wat sê: Dit is God se wil dat dit/dat (=slegte dinge) gebeur het.